

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
 waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
 Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
 en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)

*O Heer, help my om altyd so te leef –
 om ander hoër as myself te ag,
 ja, om lief te hê – ander bo myself –
 en ook eerder te gee as te verwag.*

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
 en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
 Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
 Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
 leer my om ook soos U te kan vergeef.
 Maak my bereid om aan myself te sterf,
 dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: Die wind waai waar hy wil... iets oor
 spiritualiteit

Skriflesing: Johannes 3:1-12

“We are not human beings having a spiritual experience. We
 are spiritual beings having a human experience.”

— Pierre Teilhard de Chardin

Broodjies vir die pad

Die Jirre is mos wit

Jirre, is ek
 Knieg gebuig
 Ek kom met dissipline en respek.
 Ek wil net saam jou hie innie kamer hang vir 'n
 minuut
 Miskien sal ek vi'giet
 Van a'mal en alles
 Van'ie government wat mal is.
 Van gedagtegeange wat smal is.
 En die mense wie bid
 En die mense wie skiet
 En die mense wie wiet
 Dat hulle bymekaar is met nwatas!

Ek wil jou vergewis van allie feite
 Van alles wat aangaan ha buite
 Innie straat
 Loop liefde hand aan hand met'ie kwaad
 En die duiwel hou party!
 Ons is ripe for the picking soos 'n tamatie
 Wat die broker vi'koop van Woensdag tot Sa'rag
 Die hele ding laat my aar'ag.
 Ma djy sal self moet kon fotcha
 Die hele nommer het gechange.
 Even Israel is biesag om homself te rearrange.
 Want hie' spend o's gel' op nuclear programmes
 Economies word gebou op diagrams
 Wat ekkie v'staan nie
 'n Man wietie mee' wa' nie
 Wa' gaan ek my laaities laat loep
 Gie my 'n antwoord
 Hulle was tog in jou kerk gedoep
 En jy't geseg, jy gaan o'sie foresake'ie
 But kyk 'ie
 Gentrification maak 'n man mos 'ie geluk'ie!
 Nou word die mense wee' gedump oppie Vlake
 Djy wiet tog daai is 'n kak gedagte
 Los'ie mense ha tussen die duine en die sand
 Los'ie mense stranded want
 Die wallet het mos 'n harde stem
 Ek ken
 My tannie is afgemat en afgerem
 Van'ie lang ure op'ie factory vloer
 30 years unbroken service is in sy moer
 Ma' ek moet seker check hoe ek bid
 Mens praat mos 'ie so saam 'n baas'ie
 Die here is mos wit.

Ricardo Arendse

“The moment God is figured out with nice neat lines and
 definitions, we are no longer dealing with God.”

— Rob Bell,

Lees leer jou om te voel hoe 'n ander voel

Wilhelm Jordaan

Beleef die verwoede tornado van die rukkende, rollende klank
 in Bruce Springsteen en die E Street Band se “Born to Run” en
 jy snap iets van die mens se ontsnappingsdrif; die begeerte om
 weg te kom van 'n vaal, uitsiglose lewensleer. Om elders iets
 van waarde te vind.

Geen wonder nie dat die onvoltooide frase “Born to . . .”
 deesdae op honderde maniere voltooi word om op plakkaat,
 reklameborde, T-hempies, servette, biermatjies, tafeldoeke en
 wie weet wat nog uitdrukking te gee aan dit wat mense reken
 hulle bedoeling of lot is, dikwels gelaai met ironie: Born to . . .
 love, spend, shop, -hate, lose, suffer, rock, travel, perform, fail,
 die, rule, be wild, be free, enso(geboortevol)voort.

Tussen al hierdie moontlikhede kry ek, genadiglik, die een
 wat ek soek: “Born to read” – 'n biblioteek se embleem. Dis 'n
 gestileerde tekening van 'n kind wat agter 'n boek sit en skuil,
 met voetjies wat uitsteek, handjies netjies om die boek gevou en
 die koppie wat net-net bo die boek gesien kan word.

En ek verstaan opnuut die ontsnapping wat lees bied – om jou ure lank weg te voer na wêreldes waarin jy vrede en opwinding vind; waar braafheid en wysheid ontdek word en wat jy na jou pynlike, ontstellende werklikheid kan terugneem. Om dáár dalk 'n bietjie braver en wyser te wees.

So al lesende versamel jy jou boekvriende – skrywers en die karakters wat hulle skep. Jy voel hulle praat met jou, staan jou feilloos by as jou lewe stukkend is, gaan sag met jou om, gee opreg raad én vermaan jou.

In John Green se roman *The Fault in Our Stars* vertel die 16-jarige kankerlyer Hazel Lancaster van so 'n “vriendskap”:

“... then there are books which are so special and rare and yours that advertising your affection feels like a betrayal. It wasn't even that the book was so good or anything; it was just that the author seemed to understand me in weird and impossible ways. His book was my book, in the way my body was my body and my thoughts were my thoughts. This book has a way of telling me what I'm feeling before I even feel it.”

Oor dié soort leesverryking het die letterkundige en skrywer P.H. Roodt gesê dat 'n mens deur die duisende boekkarakters meer as een keer leef; dat jy so die name van emosies leer, en dat om 'n leser te wees, 'n enorme voorreg is.

Want in dit alles kom jy telkens die verhaal van die mens teë; beleef jy keer op keer die mens se oudste en eerste gevoel – om in die gemoed beweeg te word; dat jy toelaat dat iets jou ráák of onverwags oorrumpelend aangeraak word.

Uit gemoedsbeweging “vloei” die emosies – soos die Latynse woord vir emosie (*emovere*) te kenne gee. En so algaande kom die name van emosies – uit die dans van woorde, die geur van sinne en die gewig van paragrawe.

Dan herken jy met brandende oë en hart jou emosies én dié van 'n ander; leer jy om te voel hoe 'n ander voel. En miskien leer jy so ook om genaakbaarder met ander én met jouself om te gaan.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/lees-leer-jou-om-te-voel-hoe-n-ander-voel-20180522>

“Make your own Bible. Select and collect all the words and sentences that in all your readings have been to you like the blast of a trumpet.”

— Ralph Waldo Emerson

“What you are is God's gift to you, what you become is your gift to God.”

— Hans Urs von Balthasar, Prayer

“I never liked jazz music because jazz music doesn't resolve. But I was outside the Bagdad Theater in Portland one night when I saw a man playing the saxophone. I stood there for fifteen minutes, and he never opened his eyes.

After that I liked jazz music.

Sometimes you have to watch somebody love something before you can love it yourself. It is as if they are showing you the way.

I used to not like God because God didn't resolve. But that was before any of this happened.”

— Donald Miller, *Blue Like Jazz: Nonreligious Thoughts on Christian Spirituality*

Brood vir die pad

Die kortste pad na die self is deur die ander se woorde

RRV

In sy *Pragmatism and Other Essays* skryf die Amerikaanse denker William James: “Is life worth living? – it all depends on the liver”.

Hoe vertaal 'n mens dit in Afrikaans sonder dat iets van die betekenis en humor van die oorspronklike teks verlore gaan? En hoe vertaal jy 'n gedig van Antjie Krog, Breyten Breytenbach of Nathan Trantraal in Engels?

Die bekende Italiaanse spreuk is dalk gepas: “Traduttori, traditori” – “Vertalers, verraaiers!” Ons voel daarom die krag van die teorieë wat die onmoontlikheid van vertaling beklemtoon.

In 2004 verskyn 'n aantal opstelle van die Franse filosoof Paul Ricoeur onder die titel *Sur la traduction* (/Aangaande vertaling/). Ricoeur is deeglik bewus van die uitdagings van vertaling.

Om te vertaal is om twee meesters te dien: Die outeur en sy vreemde taal én die leser wat die begeerte het om te verstaan. Die vertaler streef weliswaar na getrouheid aan beide, maar kan nie anders as om in die proses verraad te pleeg nie.

Maar tog pleit Ricoeur vir wat hy “linguistiese gasvryheid” noem – die begeerte om die vreemde ruimte van die ander se taal te betree, asook om vreemde woorde in my eie taalhuis te verwelkom.

Volgens Ricoeur is vertaling eintlik 'n model vir 'n vorm van saamleef wat identiteit én andersheid ernstig opneem.

In 'n opstel waarin hy oor 'n nuwe etos vir Europa besin, wys Ricoeur op die verarming wanneer kommunikasie nie meer plaasvind nie omdat kulture hulself in hul eie taaltradisies terugtrek.

Hy propageer geensins een taal vir almal nie; dit gaan oor spesifieke tale (in die meervoud). Vir Ricoeur is tale nie geslote sisteme nie. Vertaling is moeilik, maar nie onmoontlik nie.

Daarom pleit hy vir 'n etos van vertaling wat deur gasvryheid teenoor ander en andersheid gekenmerk word. In die proses ontdek jy dalk juis opnuut die vreemdheid en rykdom van jou eie taal.

Die kortste pad na die self, kan 'n mens Ricoeur se denke oor vertaling opsom, is deur die ander.

In *Handelinge 2* lees ons van 'n hóór-wonder wat met die uitstorting van die Heilige Gees gepaardgaan – mense hoor ander se vreemde woorde in hul eie taal. Maar Pinkster is ook – soos wat die teoloog Willie Jennings uitwys – 'n práát-wonder. Die dissipels ontvang onverwags die vermoë om in die moedertaal van ánder te kan praat.

Die Gees as tolk en vertaler, sou ons kon sê, beweeg mense op 'n lewegewende wyse tot 'n vreemde soort linguistiese gasvryheid.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/die-kortste-pad-na-die-self-is-deur-die-ander-se-woorde-20180518>

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Ubi caritas, et amor

ubi caritas, Deus ibi est.